# <u>WEES EERDER AAN GOD GEHOORSAAM</u>

**Handelinge 5:27-32**

**"A long obedience in the same direction"**
Eugene Peterson het jare gelede 'n boek geskryf met die titel, <u>*A Long Obedience in the Same Direction.*</u> Dit som presies op waaroor die Christelike lewe gaan: 'n langdurige gehoorsaamheid in dieselfde rigting. Soos wat Petrus in die gelese gedeelte sê: *"'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!"* (:29)

**Hy het dit by sy Meester gesien**. Paulus skryf in **Fil 2** van Jesus: *"Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis."* Hy het sy **dissipels geleer** om te bid: *"Ons Vader, ... laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde."* Hy het in **Getsemane** gebid: *"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."* (Matt 26:39)

Jesus het skaars opgevaar, of **die dissipels se gehoorsaamheid word getoets**. Hulle is maar nog jong gelowiges. Sal hulle die gehoorsaamheidstoets slaag?

**Dis al die derde keer dat hulle arresteer word**. Hulle verskyn voor die **Joodse Raad** of Sanhedrin. Dit was dieselfde liggaam wat Jesus laat kruisig het. Hulle is *magtig*. Hulle is *dood-ernstig*. Hulle is op die *oorlogspad*.
Die apostels verskyn op **twee aanklagte** (:28). Die eerste is dat hulle nie gehoor gegee het aan die verbod om oor Jesus te getuig nie en die tweede dat hulle die Raad vir Jesus se dood verantwoordelik gehou het. Hulle is skuldig op albei aanklagte!

**Al wat hulle in hulle ter verdediging kon sê**, was dat as hulle moes kies tussen gehoorsaamheid aan God en aan mense, kies hulle om eerder aan God gehoorsaam te wees (:29). Hulle skroom ook nie om net daar 'n preek af te steek nie. Dis duidelik dat hulle die hofsaak as 'n **getuienisgeleentheid** gesien het en nie as een om hulleself uit die moeilikheid uit los te pleit nie. Hier het hulle die vernaamste leiers van Israel as 'n soort "captive audience" voor hulle gehad! **Hulle draai ook nie doekies om nie**. Die beskuldigdes word die aanklaers en die jurie beland in die beskuldigdebank! Hulle beskuldig die Joodse Raad van die ernstigste oortreding denkbaar, nl. Moord! Lett staan daar in vers 30 dat hulle Jesus *aan 'n boom laat hang* het. Dit is 'n idiomatiese uitdrukking wat dui op die kruisiging van iemand. Volgens Deut. 21:23 was só 'n persoon **vervloek** deur God. Die Jode wou dus nie net vir Jesus doodmaak nie (die Joodse gebruik was om iemand te stenig). Hulle wou Jesus op 'n manier doodmaak wat Hom in die oë van God vervloek sou maak. Die Mosaïese wet het naamlik nie doodstraf deur kruisiging geken nie, maar wel die hang van *die lyk* van 'n veroordeelde aan 'n houtpaal (Deut. 21:22-23). Daarmee is 'n vervloeking oor die persoon uitgespreek (vgl. Gal. 3:13), want deur hierdie gebaar is gesê **dat hy te sleg was vir die hemel, maar ook vir die aarde!**

Maar, so gaan Petrus verder, *God het egter vir Jesus opgewek uit die dood en Hom verhef tot Leidsman en Verlosser wat aan Israel versoening met God, en vergifnis vir hulle sondes, kan gee.* God het dus **nie**, soos die Jode verwag het, vir Jesus vervloek nie. **Hy het Hom eerder verhef tot bo enige gesag – ook die van die Sanhedrin**. Hy het Jesus aan sy *regterhand* laat sit. **God het dus die vonnis van die Sanhedrin tersyde gestel**.
**Vir Petrus se toehoorders was dit alles slegte nuus.** Hy wou hê hulle moes weet hoe ver hulle hul *misgis* het; hoe ‘n *groot oortreding* hulle begaan het; hoe diep *sondig en skuldig* hulle was.
Gelukkig was daar vir hulle ook **goeie nuus**! Wanneer Israel hulle *bekeer*, sal daar vir hulle *vergiffenis* wees. Hy bring nie net ‘n boodskap van *oordeel* nie, maar ook van *versoening*. Vir die wat berou het en glo, is daar **hoop!**

Br en sr, die apostels se gehoorsaamheid het hulle **uitstaande getuies** gemaak. Hulle het daarvoor nie ‘n *preekstoel nodig* gehad nie, maar sommer die beskuldigdebank gebruik.
**Die apostels se gehoorsaamheid sou hierna nog baie keer getoets word**. U en myne ook. Dit is waaroor dit in die **christelike lewe** gaan: ‘n Lang gehoorsaamheid in dieselfde rigting. ‘n Goeie wegspring is belangrik, maar dis die aanhouer wat wen!

Iemand vertel dat hy altyd baie probleme gehad het om sy seun so ver te kry om sy kamer aan die kant te maak. Die seun sou gereeld instem, maar nooit sy woorde opvolg met dade nie. Toe gaan die seun weermag toe. Met sy eerste pas by die huis, vra die pa: *“So seun, wat het jy sover geleer in die weermag?”*
Die seun antwoord: *“Pa, ek het geleer wat beteken N-O-U NOU!”*
Thomas á Kempis skryf: “Onmiddellike gehoorsaamheid is die enigste soort gehoorsaamheid wat daar is; uitgestelde gehoorsaamheid is ongehoorsaamheid.”

Gehoorsaamheid is ook **meer as praat** - dis doen wat God van jou vra!!!
Oswald Chambers: “Een tree vorentoe in gehoorsaamheid, is meer werd as jare se studie (praat) daaroor.”

**Die afgelope week** het daar dinge gebeur en is dinge gesê wat ons seker almal ontstel het. Die vraag is **hoe reageer** ons as christene daarop? Is ons aan mense gehoorsaam – en dit sluit ons ou mens in – of aan God? God- gehoorsaamheid beteken dat ons ons **sal weerhou** van geweldspraatjies, haatspraak en rassistiese opmerkings. Ons as christene moet nou ‘n **voorbeeld** stel. (BY) Laat die **gereg** sy loop neem en behandel ander met **respek en regverdigheid**. Waak teen veralgemening!
**Gestel iemand moedig jou aan om iets verkeerds te doen**: “Toe man, *niemand* sal weet nie!” Of: “*Almal* doen dit!” Of “Wees ‘n *sport*! Jy sal voel hoe *lekker* dit is!” Gaan jy doen wat die mense sê? Of gaan jy doen wat God sê? M.a.w. wat Jesus sou gedoen het? (WWJD) Hy is ons volmaakte voorbeeld van gehoorsaamheid aan God. Gehoorsaamheid beteken ten diepste dat jy doen **soos God wil en nie soos jý wil nie**.

Maar **nie baie sien kans** daarvoor nie, want gehoorsaamheid aan *God* gaan jou bes moontlik iewers by *mense* **in die moeilikheid bring** - nes die dissipels hier en op ander plekke ervaar het – en Jesus natuurlik.
Ja, dit moenie vir ons 'n **verrassing** wees wanneer dit met ons gebeur nie. Jy moet dit eintlik verwag, dit is deel van ons **oproep- en uitstuur-instruksies**. Jesus sê mos: *"Ek stuur julle soos skape tussen wolwe"* (Luk 10) en ook *"in die wêreld sal julle dit moeilik hê"* (Joh 16).

In die suid-ooste van Turkye lê die stad Malatya (malatja.). Op 18 April 2007 klop vyf jong Turkse mans, tussen 19 en 20 jaar oud, daar aan die Bybelverspreidingskantoor waar Nacati (najati ) Aydin, 36, Ugur Yüksel (oehoer juksel), 32, en Tilmann Geske, 45, werk. Najati en Oehoer was Turkse bekeerlinge uit Islam, met Tilmann 'n Duitse burger en sendeling. Najati het 'n jaar tevore die rol van Jesus in 'n teaterproduksie vertolk wat op Christelike TV na Turkye gebeeldsaai is.
Die vyf jongmans dui aan dat hulle in die Christelike geloof belangstel, en wil graag meer oor die Bybel hoor. Terwyl Najati, 'n opgeleide predikant, uit die Bybel voorlees, word die drie Christene gegryp, aan hulle stoele vasgebind, en daarna wreed gemartel. Vervolgens word hulle kele afgesny, sekondes voordat die polisie - wat deur 'n ander werknemer ontbied is - op die toneel aankom.
Al drie sterf. Twee van die vermoordes het huweliksmaats en klein kinders agtergelaat. Die ander een het op trou gestaan. Tilmann Geske se vrou het besluit om met hul kinders in Malatja aan te bly. Hy is ook daar begrawe.

**Lyding en weerstand teen die evangelie is 'n werklikheid**
Dit was in 2007. Lyding om Christus ontwil is **vandag nog** 'n werklikheid. **Meer mense het in die 20ste eeu vir hul geloof in Christus gely en gesterf as in al 19 voorafgaande eeue.**

**Christene steeds in baie lande vervolg – Kerkbode 7 April 2010**

Noord-Korea is weer bo-aan die wêreldwaarnemingslys vir 2010 van lande waar Christene verlede jaar die meeste vervolg is. In hierdie land word elke godsdienstige aktiwiteit gesien as verset teen die Noord-Koreaanse sosialistiese beginsels.

Volgens 'n verklaring deur Geopende Deure, wat die vervolging van Christene wêreldwyd monitor, het Iran Saoedi-Arabië verbygesteek en beklee nou die tweede plek. Saoedi-Arabië is in die derde plek. Somalië het na die vierde plek opgeskuif aangesien die klein groepie Christene se godsdiensvryheid verder ingeperk is. Hulle word kwaai vervolg en moet hulle geloof in die geheim beoefen.

Islam is die amptelike godsdiens van sewe lande in die boonste tien, naamlik Iran, Saoedi-Arabië, Somalië, die Maledive, Afganistan, Jemen en Mauritanië.
Daar was geen verbetering in godsdiensvryheid in Laos nie, en hierdie land beklee tans die negende plek. Hoewel Oesbekistan steeds in die tiende plek is, is

godsdiensvryheid die afgelope jaar ingekort. Die tydperk waaroor daar in hierdie uitgawe van die Wêreldwaarnemingslys verslag gedoen is, strek van 1 November 2008 tot en met 31 Oktober 2009.

Geopende Deure het minder berigte van vervolging van Christene in Algerië, Indië, Kuba, Jordanië, Sri Lanka en Indonesië ontvang. Die **Algeriese regering** het voor negatiewe internasionale media-aandag geswig nadat daar verlede jaar op Christene toegeslaan is, maar kerkleiers in Algerië meen dat druk enige oomblik weer kan toeneem.

In **Kuba** het dinge nie veel verander nie – die regime is steeds onderdrukkend, maar Christene het baie innoverend geword wat die verspreiding van die Evangelie betref. **Jordanië** is laer op die Wêreldwaarnemingslys vanweë berigte dat druk op sendelinge afgeneem het, en daar was geen berigte van Christene wat tydens die verslagtydperk in hegtenis geneem of aangerand is weens hulle geloof nie. Fisieke teistering van gelowiges in **Sri Lanka** het effens afgeneem en Geopende Deure het geen berigte ontvang van Christene wat in **Indonesië** in hegtenis geneem en/of ontvoer is nie. Minder Christene is geteister as in die vorige verslagtydperk. –

Dietrich Bonhoeffer het telkemale in sy The Cost of Discipleship gesê: *"Net hulle wat gehoorsaam is, kan glo en net hulle wat glo, kan gehoorsaam wees."*
**Hoe meer ons gehoorsaam is aan God, hoe meer werklik raak God vir ons en hoe meer groei ons in ons liefde vir Hom. Hoe meer ons vir God liefhet, hoe meer word ons soos God!**
Dis soos 'n goeie huwelik. Mense wat hulle huweliksmaats liefhet, wil hulle maats tevrede stel.
Geen wonder die kerkvader Augustinus het die volgende waarheid kwytgeraak nie: *"Wees lief vir God en doen dan wat jy wil!"* Maar omdat jy God bo alles liefhet, sal jy altyd die regte ding wil doen!

Amen
11/4/10

**Bespreking:**

1. Wat dink jy het Augustinus bedoel en stem jy saam?
2. Gesels oor die stelling: "Ons moet almal met respek en regverdig behandel." Op grond waarvan kan ons dit sê?
3. "Ons is geneig om te veralgemeen." Stem jy saam?
4. Wat dink jy is die boodskap uit hierdie Skrifgedeelte vir christene in Suid-Afrika vandag?